

# VERSLAG AAN SKENKERS

2012/2013

toekoms  
hoop  
keuse kies  
omgee rig doen  
nuut leef dink  
gelyk vertrou respek  
idees gee gesond  
koester onderrig leer  
sorg billik





# INHOUD

---

<b>VOORWOORD</b>	2
<b>VOORSITTERSOORSIG</b>	3
<b>DIREKTEURSVERSLAG</b>	4
<b>SKENKINGS</b>	5
Verslag van die Ontwikkelingskantoor	5
Verslag van die Kantoor Alumniverhoudinge	6
<b>FONDSWERWING IN KORT</b>	8
<b>MYLPALE IN 2012</b>	9
<b>OORSIG</b>	10
“Nuwe wetenskap” skep hoop	11
Navorsing neem die leiding	16
Beurse maak drome waar	17
Bouers van hoop – een baksteen op ’n slag	18
<b>WETENSKAP VIR DIE SAMELEWING</b>	20
<b>SKENKINGS AAN UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH</b>	22
<b>SKENKERS 2012</b>	34
<b>ALUMNIVRYWILLIGERS</b>	40
<b>KONTAKINLIGTING EN ERKENNINGS</b>	

**MET NET 'N  
KLEIN BIETJIE  
SAAD VAN  
VERBEELDING  
KAN JY 'N  
LANDERY  
VOL HOOP  
KWEEK**

*Afrika-gesegde*



# VOORWOORD

*Prof H Russel Botman, Rektor en Visekanselier*

## Die bakermat van 21ste-eeuse denkleiers

Die Universiteit Stellenbosch (US) het hom in die laaste jare as 'n plek van uitnemendheid sowel as relevansie gevestig. Deur die HOOP Projek wend ons ons kennisbasis en kundigheid aan om die skynbaar onoorkomelike probleme in Suid-Afrika en op die res van die vasteland die hoof te bied – van die bestryding van armoede en die bevordering van menswaardigheid en gesondheid, tot die konsolidasie van demokrasie en menseregte, die vestiging van vrede en sekuriteit, en die skep van 'n volhoubare omgewing in ewewig met 'n mededingende industrie.

Die steun wat ons in hierdie verband van die Universiteit se alumni, skenkers en vriende ontvang, is voorwaar van onskatbare waarde. Dankie vir jul toewyding aan die saak van menslike ontwikkeling. Jul mosie van vertroue versterk ons in ons voorneme om die wêreld met behulp van ons onderrig en leer, navorsing en gemeenskapsinteraksie 'n beter plek te maak.

Dit is verblydend om te sien hoe die wetenskap-vir-die-samelewing-benadering deur die hele Universiteit posgevat het. Oral is daar tekens dat personeel en studente ons voorneme om menselewe te verbeter, werklik hul eie maak. Nou begin 'n opwindende nuwe hoofstuk in die verhaal van Suid-Afrika se tweede oudste universiteit ontvou. Ná omvattende navorsing en raadpleging oor die afgelope twee jaar, het die Raad 'n aksieplan vir die transformasie van die US tot 'n toekomsgeënde en internasionaal mededingende instelling aanvaar.

Ons Visie 2030 is dat die Universiteit 'n meer inklusiewe, innoverende en toekomsgerigte instelling sal word – 'n plek waar ons as denkleiers dien in die strewe na kennis waarby alle belanghebbendes kan baat. So beoog die US om 'n leidende rol in die skep van 'n gevorderde samelewing te speel.

Ons sal groter volhoubaarheid bereik deur 'n akademiese gemeenskap te bou wat deur maatskaplike geregtigheid en gelyke geleenthede gekenmerk word. En ons sal 'n meer verwelkomende institusionele kultuur skep, sodat ons personeel en studente die volle potensiaal van hul diversiteit kan ontsluit.

Ter wille van toeganklikheid sal ons 'n tweetalige akademiese aanbod deur die wye gebruik van parallelmedium-onderrig en tolkdienste voorsien. Dit sal die US toeganklik vir Engelssprekende studente maak, terwyl die stand van Afrikaans versterk word. Hierdie taalmodel sal geleenthede bied om ons programaanbod te hersien en nuwe markte te betree. In pas met die jongste onderwysendense wêreldwyd sal ons gevorderde leer- en onderrigtegnologie gebruik.

Met ons nuwe visie sal ons ook ons diversiteitssoogmerke vinniger kan bereik. Teen 2018 wil ons graag hê dat die helfte van ons studentekorps uit swart, bruin en Indiërstudente bestaan. Die Raad het boonop 'n nuwe koshuisplasingbeleid goedgekeur wat ons verbintenis tot diversiteit weerspieël.

Al hierdie besluite spruit uit die besef dat universiteite wêreldwyd besig is om te transformeer om méér mense met minder hulpbronne te bedien en terselfdertyd relevant vir die kenniseconomie te bly. Universiteite móét meer buigsaam word en aan die samelewing se behoeftes gehoor gee.

Ons nuwe strategie ondersteun die wêreldontwikkelingssoogmerke en die Suid-Afrikaanse Nasionale Ontwikkelingsplan. Die land én vasteland sal 'n beter plek wees as ons, te midde van die uitdagings van die 21ste eeu, hoop aan die werk sit.

Groot uitdagings lê nog voor. Namate ons eeuefeesvieringe in 2018 nader kom, lê ons die grondslag vir die volgende 100 jaar van akademiese uitnemendheid en relevansie by Maties. Ter wille van toekomstige geslagte sal ons, soos voorheen, sterk op skenkersteun staatmaak.

**Prof H Russel Botman**



## VOORSITTERS- OORSIG

*Thys du Toit, Voorsitter van die Raad van Trustees*

### Bou vertrouwe

Toe die vorige voorsitter, wyle Thys Visser, my in 2010 gevra het om my as trustee by die Stellenbosch Trust aan te sluit, het ek dit as 'n voorreg en eer beskou. Dit het 'n gevoelige snaar by my aangeroer. As jong man was my eerste pos in beleggingsbestuur by Syfrets, wat destyds die Universiteit Stellenbosch se Eeufestruustfonds bestuur het. Vermaarde figure soos Jan van der Horst, David de Villiers en Gys Steyn was toe trustees. So, buiten dat ek 'n oud-Matie is, is dit 'n eer om in die voetspore van sulke groot geeste te volg. My agtergrond is oor baie jare nou verweef met die Universiteit Stellenbosch (US), en dus is die geleentheid om nou van my kant iets aan die US te probeer teruggee 'n uitdaging wat ek met graagte aanvaar.

Myns insiens behoort die belangrikste oogmerk en visie van die Universiteit Stellenbosch te wees om na akademiese uitnemendheid te streef. Daarom is ek verheug dat Visie 2030 inklusiewe akademiese uitnemendheid in die vooruitsig stel. Indien ons dit bereik, sal die res weldra volg. My visie vir die Trust is eenvoudig: om die bates wat ons bestuur (die US se spaarrekening) na ons beste vermoë uit te brei.

As trustees wil ons die US se finansiële welstand verbeter om te verseker dat die Universiteit steeds uitnemende hoër onderwys sal kan voorsien. Uitnemendheid in onderwys, nie net hoër onderwys nie, is wat Suid-Afrika die nodigste het. Onderwys skep intellektuele kapitaal, en intellektuele kapitaal bemagtig entrepreneurs, wat weer werk skep. Met produktiewe werkskepping kan ons die ekonomiese uitdagings waarvoor ons as Suid-Afrikaners te staan kom, die hoof bied.

Die Stellenbosch Trust het nou 'n middelpunt bereik. Hoewel goeie vordering gemaak is, is die Universiteit se 'spaarrekening' (die bates van die Trust) beduidend dog onvoldoende. Ek en my medetrustees sien 'n paar waarskuwingsligte flikker wat ons doelwit van 'n meer finansiële onafhanklike US in die wiele kan ry. As trustees kan ons drie dinge hieraan doen: eerstens kan ons verseker dat ons beleggings-uitnemendheid bereik (dus goeie beleggings maak), en tweedens kan ons ons koste/uitgawes beperk, of, wanneer ons geld uitgee, dit produktiewer doen. Derdens kan ons as ambassadeurs optree om met die fondsinsamelingsproses te help. Skenkings sal 'n groter rol moet begin speel, aangesien studiegeld en staatsubsidies as inkomstestrome onder ernstige druk verkeer. Dis nou tyd om 'slim te slaan en raak te slaan' – om hulpbronne te stort in aktiwiteite waaruit ons die meeste voordeel sal trek – en om ons werkswyse te verander. Soos die gesegde lui: Jy kan nie ander resultate verwag as jy dieselfde goed op dieselfde manier bly doen nie.

Dus daag ek graag die Matie-familie (ons skenkers, alumni, korporatiewe vennote, studente en personeel) uit om te begin gee. Begin vroeg reeds gee. Dit maak nie saak wát jy gee nie, maar dát jy gee. Dit sal jou verstom om te sien op watter aardige bedrag 'n leeftyd van skenkings te staan kom. Die krag van rente op rente (die agtste wonder van die wêreld, soos sommige daarna verwys) werk in ons guns, en dit kan 'n reuse verskil maak. Die uittredende trustees GT Ferreira en Wendy Luhabe het albei waardevolle bydraes gelewer. GT het baie se lewens geraak, ook hier by die Universiteit. Hy is die volmaakte rolmodel as trustee. Namens die Stellenbosch Trust bedank ek hom vir sy jare lange weldeurdagte, gebalanseerde en insiggewende diens. Hy het 'n beduidende bydrae gelewer en ons sal hom mis. Wendy was 'n steunpilaar. Sy het vars en nuwe perspektiewe gebied wat ons, in ons unieke omgewing, baie sal mis. Ons bedank albei vir hul onbaatsugtige en lojale diens, en wens hulle sterkte toe.

Maar hierdie publikasie gaan bowenal oor ons skenkers. Aan julle is ons die grootste woord van dank en waardering verskuldig. Jul lojaliteit en ondersteuning is prysenswaardig, en help ons, as trustees, in ons taak om die 'bemaking' déúr die Universiteit áán die Universiteit te bewaar. In hierdie tyd wat ons al hoe meer op jul steun sal staatmaak, bedank ons 'n ieder en 'n elk hartlik en opreg.

**Thys du Toit**



# DIREKTEURS- VERSLAG

*Annamia van den Heever, Direkteur: Ontwikkeling*

## Dankie

Dié van ons wat met skenkers skakel en werk, is bevoorreg. Die mense en organisasies wat die Universiteit Stellenbosch (US) met skenkings ondersteun, is inspirerend en toekomstgerig. Die kampus en instelling wat hulle in die vooruitsig stel, sal in die toekoms 'n groter en beter bydrae kan lewer.

Baie dankie aan elkeen wat 'n skenking maak – ongeag hoe groot of klein – om die US in 'n beter plek te omskep.

Ons vertrou dat hierdie verslag duidelik sal toon watter impak skenkingsondersteunde projekte, mense en programme werklik het. Dit sluit in:

- navorsing om probleme in ons samelewing op te los;
- beurse waarmee talentvolle jongmense hul volle potensiaal kan ontsluit; en
- inisiatiewe wat die lewensgehalte van mense om ons verbeter.

'n Onlangse oorsig van filantropie in Britse hoër onderwys deur die Hoërondwysfinansieringsraad van Engeland lui: “Hoër onderwys kan op etlike terreine tot maatskaplike vooruitgang lei, en bied iets om aan elke skenker se bepaalde passies en belange te voldoen. Dit verander studente se lewens, verbeter hul geleenthede, en kan allerhande soorte deure oopmaak. Dit is die samelewing se beste werktuig om die groot kwessies van ons tyd te hanteer.”

Dit is veral waar in Suid-Afrika. Ons samelewing behoort op ons universiteite te kan staatmaak om 'n positiewe verskil te maak, om groei te bewerkstellig en ons menslike talent te ontwikkel.

En die US maak wél daardie verskil. 'n Verteenwoordiger van 'n groot Amerikaanse stigting verduidelik hul besluit om 'n aansienlike skenking aan die Universiteit te maak sô: “Ons finansiering is gegrond op gehalte en vertroue.”

Die Universiteit Stellenbosch is 'n betroubare vennoot, en lewer navorsing, onderrig en samelewingsdiens van gehalte. Ons skenkers stel ons daartoe in staat. Ons is ingenome en dankbaar dat individuele steun vir die US, onder meer onder ons alumni, volgens hierdie verslag stelselmatig toeneem.

Soos die Rektor, prof Russel Botman, in sy voorwoord noem, aanvaar die Universiteit tans beduidende uitdagings. Ons nooi ons skenkers om deel te wees van hierdie toekoms van inklusiwiteit, innovasie, ontdekking en denkleierskap, en om tot ons volhoubaarheid en die ontwikkeling van die vasteland by te dra.

“Mense gee aan mense” is 'n belangrike grondbeginsel in die wêreld van filantropie. Hierdie verslag beskryf die werk van merkwaardige en toegewyde US-akademië en -studente om beduidende vooruitgang teweeg te bring. Ons bedank hulle omdat hulle vertroue in ons Universiteit bou en met hul uitnemende werk skenkers die gemoedsrus gee om in ons te belê.

Ons bedank ál ons skenkers vir hul versindheid en vertroue. En ons bedank ons US-kollegas en -studente dat hulle daardie vertroue deur en deur die moeite werd bewys.

*Annamia van den Heever*

**Annamia van den Heever**

# SKENKINGS

## JANUARIE TOT DESEMBER 2012

### Verslag van die Ontwikkelingskantoor


Direkteur: Annamia van den Heever

#### Inkomste deur skenkings

Weens die ekonomiese klimaat was die afgelope jaar wêreldwyd 'n moeilike tyd vir organisasies wat op filantropiese skenkings staatmaak. Ook wat Suid-Afrika betref, meld instellings wat tendense in hierdie omgewing monitor, 'n afname aan in skenkers se vermoë om tot 'n verskeidenheid liefdadigheds- en ontwikkelingsake by te dra.

In vergelyking met 2011 het skenkings aan die Universiteit Stellenbosch (US) in 2012 met 7% gedaal. Dit is hoofsaaklik weens 'n afname in internasionale bydraes. Die goeie nuus is egter dat skenkings deur individue aanhou toeneem het.

#### TOTALE SKENKINGS 2007-2012 Rm




Bydraes van maatskappye, trusts, stigtings, individue en erflatings het op R186 954 752 te staan gekom (2011: R198 871 246).

#### Die resultate van die afgelope twee jaar (Rm)

	2011	2012	% verskil
Korporatief (SA)	82,70	85,09	2,9
Individue	11,26	17,71	57,3
Erflatings	26,07	20,26	22,3
Internasionaal	78,85	63,89	-18,9
Totaal	198,87	186,95	-7

#### 2012 PER SEKTOR

SA korporatief	46%
Individue	9%
Erflatings	11%
Internasionaal	34%



#### Suid-Afrikaanse maatskappye, stigtings en trusts

Altesaam R85 089 460 is in 2012 ingesamel. Dit is 2,9% minder as in 2011. Die meeste van hierdie geld het uit korporatiewe maatskaplike beleggingsbegrotings gekom. Hierdie bron raak al hoe moeiliker om te ontgin namate maatskappye op sertifikasie van breedgebaseerde swart ekonomiese bemagtiging aandring, sowel as dat enige finansiering vir bemagtigingsdoeleindes gebruik word. Ons is egter bly dat inkomste uit skenkings uit hierdie sektor onveranderd bly.

Die beursafdeling in die Ontwikkelingskantoor het 22 kliënte bedien, wat vanjaar 156 studente ondersteun het. Totale bydraes van hierdie organisasies het op R5 291 703 te staan gekom.

Die volgende tien skenkers het vir 40% (R33 988 919) van alle skenkings deur Suid-Afrikaanse maatskappye, stigtings en trusts gesorg:

#### Top 10 nasionale skenkers

Prokon-sagtewarekonsultante  
SAS Instituut (Edms) Bpk  
Murray & Roberts Bpk  
Claude Leon Stigting  
Minerals Education Trust Fund  
Discovery Stigting  
Naspers Bpk  
Het Jan Marais Nasionale Fonds  
African Bank-ontwikkelingstrust  
Donald Gordon Stigting

#### Individue

Die getal individuele skenkers het van 1 422 in 2011 tot 1 534 in 2012 toegeneem. Dit kan toegeskryf word aan geïntegreerde aksies deur onderskeidelik die Alumniverhoudinge- en die Ontwikkelingspan, sowel as 'n hernude poging om gereelde skenkings van minder as R12 000 per jaar onder alumni aan te moedig (meer inligting op bladsy 6 en 7).

	2011	2012
Totale getal skenkers	1 422	1 534
Totaal geskenk	R11,3 m	R17,7 m
Gemiddelde bedrag	R7 915	R11 538

Die voorste 18 skenkers, wat meer as R100 000 geskenk het (1,2% van alle skenkers), het vir meer as 77% van die totale inkomste gesorg.

Skenkingsbedrag	2011	2012
> R1 m	3	7
> R100 000	8	11
> R50 000	10	11
> R30 000	6	11
> R20 000	13	16

Individue skenk meestal met die oog op beurse, steun aan fakulteite en departemente (personeelsukses), koshuise en gemeenskapsprojekte.

### Erflatings

Die Universiteit het in 2012 altesaam R20 262 726 in erflatings en jaarlikse toewysings uit testamentêre trusts ontvang. Die meeste van hierdie erflatings was vir beurse en navorsing bestem. Ons het ses nuwe erflatings ontvang, en ook kennis gekry van 'n verdere 11 wat in 2013 en 2014 sal realiseer.

### Die vyf grootste erflatings in 2012

Harry Crossley Stigting  
 Wilfrid Metje Stigting  
 Boedel wyle JH Neethling  
 Wilhelm Frank Trust  
 Boedel wyle Peter Smuts

### Internasionaal

Die Ontwikkelingskantoor se vermoë om internasionale markte te ontgin is in 2012 uitgebrei, onder andere deur die aanstelling van 'n junior leerlingfondswerwer. Benewens die steun en rentmeesterskap wat ons aan bestaande skenkers bied, het ons ook nuwe moontlike skenkers uitgewys om ons skenkersbasis oorsee in moeilike ekonomiese omstandighede uit te brei. (Hierdie omstandighede was ook die rede vir die teleurstellende reaksie op geldinsamelingspogings, wat aanvanklik groot belofte ingehou het.)

Internasionale skenkings in 2012 was R63 892 710 (2011: R78 852 457).

### Top internasionale skenkers

Nederlandse Ambassade  
 AIMS-NEI Foundation (VK)  
 Wallenberg Stigting  
 Carnegie Korporasie van New York  
 DAAD  
 Moshal-beursprogram  
 Open Society Instituut  
 Andrew W Mellon Stigting  
 Ford Stigting  
 Mondi Services UK Bpk  
 Michael & Susan Dell Stigting

## Verslag van die Kantoor Alumniverhoudinge

*Direkteur: Bev Witten*

Ná die aanvanklike uitreik na, en skakeling met, alumni in 2011 het die alumnispan in 2012 op die inwerkingstelling van finansieringstrategieë gekonsentreer. Hierdie benadering het voortgebou op die bande wat ons gedurende die vorige jaar gesmee het. Die volgende strategiese gebiede het resultate opgelewer:

### Alumniskenkings

Ons het die alumnidata in die algemeenste segmente ingedeel en 23 skenkingsversoeke geos. Dit is 'n toename van 77% in vergelyking met die 13 versoeke wat in 2011 versend is. R572 195 is ingesamel, teenoor R238 400 in 2011, wat op 'n toename van 140% dui. Hierdie skenkingsversoeke het ons in staat gestel om verhoudings met fakulteite, koshuise, verenigings en studenteleierskapstrukture te bou. Baie van die versoeke het ons toegang gebied tot gevestigde geldinsamelingsinisiatiewe, soos die Wilgenhof-argiefprojek, wat met die oog op die jaarlikse alumniskenkingsprogram herskik kon word. Die volgende het tot die algehele ingesamelde bedrag bygedra:

- Twee “dekadereünies” vir die Fakulteit Ingenieurswese, wat R25 000 van 11 nuwe skenkers ingesamel het.
- 80 skenkers het R57 510 in antwoord op die *Matieland*-versoek geskenk.
- *AlumnUS*, 'n skenkerspublikasie, het met 'n nuwe baadjie in 2011 R40 700 van 23 voormalige skenkers ingesamel. In 2012 het ons R81 650 van 78 skenkers ontvang; R38 150 van 41 huidige skenkers en R43 500 van 37 voormalige skenkers.
- Die ABSA US-verwantskapskaartprogram het R82 112 ingebring.
- Die alumnispan en oudvoorsitters van die Studenteraad het saamgespan om ledegeldbydraes in die US Beursfonds te stort. So is R10 300 in November 2012 na die Beursfonds oorgeplaas.
- 'n Program is op die been gebring waarvolgens maatskappye alumniskenkings ewenaar. R57 000 is op dié manier onder 15 nuwe alumniskenkers van Maitland ingesamel, terwyl 'n bykomende korporatiewe skenking van R128 000 ontvang is. Dit het ons in staat gestel om een voltydse student te ondersteun, sowel as 'n verdere drie studente deur die korporatiewe skenking. Die studente het in die Junie-vakansie by Maitland, 'n beleggings- en regsdiensgroep, gewerk waar hulle vaardighede aangeleer het en bygedra het tot die departemente waarin hulle geplaas is.
- Die eerste program vir studenteskenkings aan die US, Finalejaars 1 2 Give, is bekend gestel. Dit is 'n studentegedrewe, vrywillige geldinsamelingsinisiatief ten bate van die US Beursfonds. Die projek stel finalejaars aan hul rol as toekomstige alumni bekend en moedig hulle aan om 'n nalatenskap vir die volgende geslag studente te skep. (Individuele skenkings is op R20 per student vasgestel.) R12 400 is van 144 studente ingesamel en ondersteuning van dekane en senior bestuur is bekom. Hierdie konsep fokus op die kweek van die “vroeëskenkingsgewoonte” by studente, en is op die internasionale Class Gift-model geskoei. Finalejaars 1 2 Give is nou 'n tradisie aan die US, en 'n tjek word jaarliks by die gradeplegtighede aan die Rektor oorhandig. Die mikpunt vir 2013 is R25 000. Gedurende die



akademiese jaar stel ons 'n student aan wat Finalejaars 1 2 Give deur middel van fakulteite en studentestrukture koördineer.

- Ons het in 2012 ons tweede jaarlikse erkenningsgeleentheid vir skenkers aangebied. Dit bied ons die geleentheid om ons skenkers te bedank en die impak van hul skenkings met hulle te deel.

### Skakeling en uitreik

Ons het deur plaaslike, nasionale en internasionale netwerkgeleenthede met meer as 1 600 alumni geskakel. Daarbenewens het die Direkteur 69 individuele alumnibesoeke afgelê om oudstudeerders se gevoelens te bepaal en skenkings van gekose alumni te bekom. Hierdie ontmoetings het tot individuele bearbeiding, deelname aan US-programme en skenkings bygedra.

Die alumnispan het die eerste aktiewe alumnikerne (*hubs*) in Hong Kong en Sydney gevestig. Albei het in 2012 twee onafhanklike en geslaagde geleenthede aangebied. Die alumnispan het hierdie pogings gekoördineer en ondersteun sonder om self die geleentheid by te woon. Ons mikpunt vir 2013 is om 'n geldinsamelingstrategie op te stel om skenkings van alumni in hierdie kerne te bekom.

### Graadverwerwing

Ons sjampanjeheldronke en geskenke vir finalejaars bly baie suksesvol en is reeds deel van die graadverwerwingstradisie aan die US. Hier het ons met meer as 3 000 van ons jongste alumni geskakel. Ons het ook drie bykomende fakulteitsvieringe met alumni aangebied – Ekonomiese en Bestuurswetenskappe se Klasdag, wat deur meer as 300 alumni en graduandi bygewoon is, sowel as 'n geleentheid vir die nagraadse en PhD-studente van die fakulteite Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, en AgriWetenskappe.

### Kommunikasie

In oorleg met die span van kommunikasie en skakeling het ons die alumnipublikasies 'n nuwe baadjie gegee. Die *Matieland* en *AlumnUS* is herontwerp en 'n nuwe e-nuusbrief (wat in 2013 bekend gestel sal word) gekonseptualiseer. Ons het ook die tweede fase van die alumnwebtuiste in 2012 voltooi.

Die alumnispan het aanlyn-groepe gestig om die alumnikerne te ondersteun, en het ook LinkedIn-groepe vir Sydney, Hong Kong, die VSA en die Fakulteit Ingenieurswese geskep. Die besoekers vir die webtuiste en die aktiwiteit op die sosiale mediaplatforms is in 2012 gemoniteer.

### Vrywilligerbestuur

Die alumnivrywilligersprogram OAKS (Ons Alumnikring Stellenbosch) is in 2011 bekend gestel. Dit bestaan uit 12 alumnivrywilligers wat met die Alumnikantoor saamwerk om skakeling met onlangse graduandi te verhoog en met geldinsamelingstrategieë onder hul portuur te help. OAKS het in 2012 'n alumnigesinsdag aangebied, alumni met 'n blokbespreking en verlaagde kaartjiepryse na die Woordfees genooi, en 'n teleton onderneem om alumni se kontakbesonderhede by te werk.

### Begrotingsnarratief vir besteding in 2012

Die alumniverhouding-begroting vir 2012 weerspieël strategiese besteding om die langtermyn-doelwitte van hierdie eenheid van die US te ondersteun.

'n Hooffokus van ons strategie vir 2013 tot 2016 is om voort te bou en ons alumniportefeuljes en -programme te diversifiseer om stapsgewyse, konsekwente groei in deelname en bydraes te verseker.

Segmentasie en 'n beter begrip van die verskillende alumnigroepe het as grondslag gedien vir ons pogings om hulpbronne aan die plaaslike en internasionale bearbeiding van alumni en bepaalde individue toe te wys.

Vroeëskakelingsprojekte met huidige studente is ook 'n integrale deel van die plan, en besteding op hierdie gebied het in 2012 toegeneem weens die vestiging van die Finalejaars 1 2 Give-program.

Deur middel van ons interne kliënte, onder meer die Sentrum vir Voornemende Studente, studentesake, fakulteite, koshuise en verenigings, het ons saamgewerk om ons pogings te integreer en hulpbronne te deel om tot die US se algehele strategiese oogmerke by te dra.

Publikasies blyk 'n noodsaaklike element van ons skakelingspogings te wees. Dit is onder meer gebruik om die Universiteit se uitnemendheid en relevansie aan alumni te toon ten einde hulle via die *Matieland*, *AlumnUS* en die individuele versoeke wat ons in 2012 gepos het, om skenkings te nader.

Ons begroting vir 2013 sal steeds hierdie strategiese prioriteite ondersteun. Baie van die alumnigeleenthede vir 2013 sal daarop uit wees om die doelwitte van die deelnameveldtog te bereik, naamlik om ons filantropiese skenkingsgeleentheid uit te brei.

## RAAD VAN TRUSTEES

Mnr MM du Toit (Voorsitter)  
 Prof HR Botman (Rektor en Visekanselier)  
 Mnr RB Africa  
 Mev E De la H Meaker  
 Mnr GT Ferreira  
 Mnr S Georgala  
 Dr WYN Luhabe  
 Mnr JF Mouton  
 Mnr DK Smith  
 Mnr PG Steyn

### Sekretaresse

Me A van den Heever

### Ouditeure

PwC Stellenbosch

# FONDSWERWING IN KORT

JANUARIE TOT DESEMBER 2012

## ▲ Skenkings van individue ▼ Internasionale bydraes

SA korporasies, stigtings en trusts

**R85 089 460**

Individuele skenkings

**1 422** in 2011

**1 534** in 2012

Voorste tien nasionale skenkers sorg vir

**R33 988 919**

**(40%)**

van algehele skenkings van SA maatskappye,  
stigtings en trusts

**18**

skenkers is vir

**meer as 77%**

van die totale inkomste verantwoordelik

Totale bydraes

**R186 954 752**

(2011: R198 871 246)

Erflatings

**R20 262 726**

in erflatings en jaarlikse toewysings uit  
testamentêre trusts

Jaarlikse skenkings deur alumni

Toegespitste, gereelde skenkingsversoeke  
aan alumni sorg vir

**R572 195,**  
**140% meer**

as die vorige jaar  
(2011: R238 400)

Internasionale skenkings was

**R63 892 710**

in 2012 (2011: R78 852 457)

# MYLPALE IN 2012

Die Universiteit Stellenbosch is 'n toonaangewende, navorsingsgerigte hoëronderinstelling op die Afrika-vasteland. Ons het ons bedrywighede na nasionale en internasionale ontwikkelingsoogmerke geskik, en streef voortdurend daarna om hoop vir Suid-Afrika én Afrika te skep. Ons beywer ons daadwerklik vir navorsingsuitnemendheid en vermoëbou, en wil 'n ware kennispionier en -vennoot wees.

<b>306</b> Nasionale Navorsingstigting- (NNS-) gegradeerde navorsers	<b>939</b> akademië in <b>112</b> departemente/ afdelings	<b>21</b> Navorsingsleerstoele	<b>6</b> Sentra van Uitnemendheid
<b>61%</b> van akademië besit doktorsgrade	<b>178</b> nadoktorale studente	<b>9 853</b> nagraadse studente (35,4%)	<b>3 388</b> internasionale studente (12,1%)

Die Universiteit Stellenbosch is:

<b>Top 300</b> onder die voorste 300 universiteite ter wêreld volgens die <i>Times Higher Education</i> -wêreldranglys vir universiteite	<b>Top 450</b> onder die voorste 450 universiteite ter wêreld volgens die <i>QS</i> -wêreldranglys vir universiteite
<b>VK geakkrediteer</b> geakkrediteer by die Britse Vereniging van MBA's	<b>EQIS geakkrediteer</b> die USB is een van net 'n handvol bestuurskole buite Europa wat by die Europese Gehalteverbeteringstelsel van die Europese Stigting vir Bestuursontwikkeling geakkrediteer is
'n medewerker in <b>269</b> projekte, waarvan meer as <b>40</b> Europese Unie-projekte is	betrokke by <b>126</b> aktiewe akademiese samewerkingsprojekte met instellings in <b>31</b> Afrika-lande

die Suid-Afrikaanse universiteit met die hoogste beswaarde navorsingsuitset per persoon vir vier jaar ná mekaar (2008 - 2011)

---

OORSIG

---

**HOOP IS OM LIG TE  
KAN SIEN ONDANKS  
AL DIE DUISTERNIS**

*Desmond Tutu*



# “NUWE WETENSKAP” SKEP HOOP

deur Desmond Thompson

Vir geruime tyd het slegs akademië – verdiep én soms verstok in hul eie vakrigtings – dit op die gebied van kennisproduksie gewaag. Maar deesdae word samewerkende baanbrekersnavorsing onderneem, ook buite die ivoortorings van die akademie.

Navorsers aan die Universiteit Stellenbosch (US) vind nou al hoe meer dat “’n nuwe manier om wetenskap te beoefen” tot innoverende oplossings lei vir die komplekse en onderling verwante uitdagings wat die volhoubaarheid van die planeet en die mensdom bedreig.

In plaas daarvan om probleme uit ’n enkele hoek te beskou, word daar op samewerking tussen verskillende rolspelers staatgemaak. En eerder as om vroeër vir die samelewing te probeer beantwoord, word bruikbare kennis nou *saam met* gemeenskappe ontdek.

Hierdie baanbrekers volg inter- en kruisdisiplinêre benaderings tot die kernfunksies van hoër onderwys, naamlik onderrig en leer, navorsing en gemeenskapsinteraksie. Sodoende doen hulle pionierswerk op belangrike gebiede soos die infrastruktuur van noodsaaklike dienste, voedselsekerheid en gesondheidsorg.

“Wêreldwye volhoubaarheidsuitdagings is ten nouste met mekaar verbind. Dit kan nie slegs deur middel van monodissiplinêre benaderings verstaan word nie, maar moet kruisdisiplinêr benader word. Dit beteken wetenskap moet saam met die samelewing beoefen word, eerder as vir die samelewing,” sê John van Breda, programbestuurder van die TsamaHub, ’n saamtrepunt by die US vir studies in kruisdisiplinariteit, volhoubaarheid en kompleksiteit.

Die **TsamaHub** put uit die kundigheid van navorsers in verskeie fakulteite, departemente, sentra en skole aan die US, sowel as van eksterne liggame soos die Suid-Afrikaanse Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad, die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing en die Volhoubaarheidsinstituut.

Een van die TsamaHub se hoof projekte is ’n unieke kruisdisiplinêre doktorsale program in volhoubaarheid. Die eerste kohort van 10 PhD-kandidate het in 2010 begin, en teen 2013 het hierdie getal tot 24 aangegroei. Studente kom van oor die hele vasteland – Ethiopië, Kenia, Nigerië, Zimbabwe – en word opgelei om “die toekomstige denkleiers van Afrika” te wees.

Prof Mark Swilling van die US se Skool vir Publieke Leierskap is die projekteier van die TsamaHub. Volgens hom het Afrika “met ’n polikrisis te doen wat uit ’n veelvoudige stel subkrisisse bestaan wat op mekaar teer. Dit sluit in aardverwarming, die aftakeling van ekosisteme, hulpbronnuitputting, die wêreldwye ekonomiese krisis, armoede en verstedeliking”.

Ná deelname aan die TsamaHub se kruisdisiplinêre winterskool in 2012 het ’n deelnemer soos volg opgemerk: “Die program het rigting aan my navorsing verleen – ’n nuwe manier om wetenskap te beoefen. Wat ek die meeste waardeer het, was die openhartigheid, die kennisuitruiling en die samewerking.”

Die TsamaHub se betrokkenheid by die Stellenbosse Burgemeester-Rektor-forum, ’n struktuur vir samewerking tussen die Universiteit en Stellenbosch Munisipaliteit, is ’n voorbeeld van hoe nie net die akademie nie, maar die ganse gemeenskap by navorsing en leer kan baat vind. Teen die einde van 2012 het hierdie proses op ’n innoverende boek, *Sustainable Stellenbosch: Opening Dialogues*, uitgeloop – ’n spanpoging tussen dorp en universiteit. Daarin stel 50 toonaangewende navorsers en praktisyns op uiteenlopende gebiede oplossings voor vir die uitdagings wat die dorp en die omgewing in die gesig staar. Dié navorsing is deur die Nasionale Navorsingstigting ondersteun.

Een van die volhoubaarheidskwessies waarmee Stellenbosch

**VOEDSEL-  
SEKERHEID**

**13 miljoen**

Suid-Afrikaners  
het nie genoeg kos  
om te eet nie

**1 uit elke 4**

mense suid van die  
Sahara het nie genoeg  
kos om gesond te kan  
leef nie

**218 miljoen**

mense in Afrika is  
ondervoed

BRON: SOUTHAFRICA.INFO; CITYPRESS.  
CO.ZA;  
SAGOODNEWS.CO.ZA; FAO.ORG

rig verander  
pas aan



hoop omgee  
respek



**GESONDHEID-  
SORG****4 200**

openbare gesondheidsfasiliteite in Suid-Afrika

**13 718**

mense per kliniek met een algemene praktisyn vir elke 7 692 mense

Slegs

**30%**

van alle dokters in SA werk in openbare gesondheidsorg

**84%**

van Suid-Afrikaners maak op openbare gesondheidsorg staat

BRON: SOUTHAFRICA.INFO; CITY-PRESS.CO.ZA; SAGOODNEWS.CO.ZA; FAO.ORG

saam met menige ander deel van Suid-Afrika en die res van die vasteland worstel, is voedselsekerheid. Die voorkoms van hongersnood in Afrika suid van die Sahara is die hoogste ter wêreld, aldus die Verenigde Nasies se Ontwikkelingsprogram (UNDP). “Meer as een uit vier Afrikane – nagenoeg 218 miljoen mense – is ondervoed,” het dié liggaam in 2012 gerapporteer. Dié probleem kom ook in Suid-Afrika voor. In die Nasionale Voedselverbruikstudie is bevind dat een uit twee huishoudings al honger gely het, een uit drie gevaar loop om honger te ly, en slegs een uit vyf oënskynlik voedselseker is.

Die Universiteit Stellenbosch

**Voedselsekerheidsinisiatief (VSI)** soek na oplossings vir hierdie probleem deur die kundigheid van toonaangewende navorsers uit vyf fakulteite – Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, Lettere en Sosiale Wetenskappe, AgriWetenskappe, Ingenieurswese, sowel as Natuurwetenskappe – te kombineer. Hulle volg ’n stelselsbenadering om die veelkantige uitdagings van voedselsekerheid die hoof te bied.

“Die redes vir die voortslepende honger en wanvoeding in Suid-Afrika is kompleks en onderling verwant, en sluit in omgewings-, gesondheids-, ekonomiese, sosiopolitieke en agrivoedselkewessies, waaronder toenemende werkloosheid, wisselvallige kospryse, MIV en vigs, droogte, ’n afname in staatslandbousteun, en aanhoudende hoë vlakke van stedelike en landelike armoede,” skryf Scott Drimie en prof Milla McLachlan in die April 2013-uitgawe van *Food Security*.

McLachlan is die akademiese leier van die VSI, en Drimie dien as voorsitter van die adviesraad van die Inisiatief.

Die VSI het die geleentheid ontvang om deel te wees van ’n spesiale uitgawe van dié vaktydskrif wat deur Springer uitgegee word. Dié geleentheid is benut as ’n manier om navorsingsbevindinge te versprei, die HOOP Projek aan ’n groter gehoor bekend te stel, én die sukses daarvan te vier. Die artikels wat ingesluit is, beklemtoon die diversiteit van die verskillende projekte onder die VSI-sambreel.

Julia Harper, die bestuurder van die VSI, sê al hoe meer mense wêreldwyd begin besef dat voedselsekerheid holisties benader moet word. “’n Mens kan nie net op die produksie van meer voedsel konsentreer nie. Jy moet

ook voedings-, gesondheids- en sosio-ekonomiese kwessies in ag neem. Is daar genoeg kos? Is dit veilig en voedsaam? Kan mense dit bekostig? Dit is alles belangrike vrae.”

Armoede is die een aspek wat duidelik uitstaan in al die kwessies wat die volhoubaarheid van mense se lewens en bestaan in Suid-Afrika én die res van Afrika raak. Die gesondheidskwessies wat met armoede gepaardgaan, is die hoofklem van nóg ’n wetenskap-vir-die-samelewing-projek, die **Ukwanda Landelike Kliniese Skool (LKS)**.

“Ons weet die gesondheidstatus van mense in landelike en ander diensarm gebiede is oor die algemeen swakker as dié van mense in stedelike gebiede. Ons praat van sogenaamde ‘armoedesiektes’, en onder- en wanvoeding is hoog op daardie lys,” sê dr Therese Fish, Adjunkdekaan vir Gemeenskapsdiens en -interaksie in die US se Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe. Die Ukwanda LKS val in haar portefeulje.

Die Ukwanda LKS is die eerste inisiatief in sy soort in Suid-Afrika, en beweeg weg van tradisionele “stedelike” mediese opleiding vir dokters en ander gesondheidswerkers, wat meestal by universiteitsfakulteite en in groot akademiese hospitale geskied. Met hierdie verskuiwing wil die US vir die bepaalde behoeftes van landelike en ander diensarm gebiede voorsiening maak.

Die nuwe fasiliteit, wat in Oktober 2012 op Worcester geopen het, stel die Universiteit in staat om meer gesondheidspraktisyns op te lei ten einde die ernstige tekort aan dokters en ander gesondheidswerkers in die land te help oorbrug, veral in landelike gebiede. Terselfdertyd lewer dit ook afgestudeerdes op wat beter toegerus is om in die spesiale behoeftes van pasiënte in diensarm gebiede te voorsien.

“In tersiëre hospitale is daar spesialiste, toetse en toerusting tot jou beskikking om diagnoses te maak en mense te behandel, maar in landelike gebiede moet jy meer op jou eie kennis en kliniese vaardighede staatmaak,” sê dr Nicholas Fortuin, wat net buite Malmesbury grootgeword het en een van die US se historiese eerste kohort mediese studente was wat hul hele sesde kliniese opleidingsjaar in ’n landelike omgewing voltooi het.

In haar studie *Going Rural* bevind prof Susan van Schalkwyk dat studente wat in ’n landelike omgewing opleiding ontvang, klaarblyklik meer in voeling is met hul self en hul maatskaplike omgewing, meer selfvertroue het en beter in staat is om in onbekende omstandighede buigzaam te wees en aan te pas.

“Veral belangrik is dat hul groter selfvertroue tot flinker en meer daadwerklike besluitneming en verskerpte kritiese beredenering lei,” skryf sy.

Van Schalkwyk se verslag is saamgestel vir SURMEPI, die Universiteit Stellenbosch se vennootskapsinisiatief vir landelike mediese onderwys. SURMEPI is deel van die programme wat die Amerikaanse regering – onder meer hul Departement van Gesondheids- en Menslike Dienste – en die President se Noodplan vir Vigsverligting finansier.

Die drie US-inisiatiewe wat in hierdie artikel bespreek word, maak deel uit van die Universiteit se HOOP Projek, waardeur akademiese uitnemendheid, voorlopernavorsing en bemagtigende gemeenskapsinteraksie aangewend word in die soeke na oplossings vir skynbaar onoorlooptelike maatskaplike uitdagings.

# NAVORSING NEEM DIE LEIDING

*Dr Therina Theron, Senior Direkteur: Navorsing en Innovasie*

Die Universiteit Stellenbosch (US) is een van die voorste navorsinguniversiteite in Suid-Afrika en op die Afrika-vasteland. Dié aanspraak word goed ondersteun deurdat die instelling in 2013 vir die vierde agtereenvolgende jaar die Suid-Afrikaanse universiteit met die hoogste getal beswaarde navorsingsuitsette (wat navorsingspublikasies en nagraadse studente insluit) per personeellid was.

Verdere staving is die feit dat die US oor die tweede hoogste getal Nasionale Navorsingstigting- (NNS-) gegradeerde navorsers in die land beskik, van wie 11 as wêreldleiers op hul gebied beskou word en onder die NNS se A-kategorie val. Die Universiteit beskik voorts oor drie nasionale DWT-NNS Sentra van Uitnemendheid, 18 begunstigdes van die Suid-Afrikaanse Navorsingsleerstoelinisiatief (SARChI), en 'n aantal ander, goed ondersteunde, multidissiplinêre navorsingsentra en institute; in totaal is daar 21 navorsingsleerstoel en ses sentra van uitnemendheid. Die afgelope twee jaar het verskeie internasionale ranglyste die US ook as een van die voorste vyf universiteite in Afrika bestempel.

Die navorsingsgebiede waarop die US uitblink en wat strategiese institusionele prioriteit geniet, hou ten nouste met Suid-Afrika se nasionale prioriteite sowel as met die Millenniumontwikkelingsdoelwitte verband. Deur ons navorsing wil ons van die grootste wetenskaplike en samelewingsuitdagings in Suid-Afrika, op die vasteland sowel as in die res van die wêreld die hoof bied. Die US doen sy leuse van “voorkeurkennisvennoot” gestand deur navorsing en innovasie in noue samewerking met nasionale en internasionale vennote uit die sake- en regeringsektor sowel as met wetenskapsrade en ander universiteite te onderneem. Die Universiteit speel 'n leidende rol in die ontwikkeling van hoëvlak- menslike vermoë op die vasteland deur uiters vaardige en gesogte nagraadse studente van oor die hele Afrika op te lei. Die instelling het 'n besonder goed ontwikkelde engedokumenteerde netwerk van navorsingsmedewerkers op die vasteland.

Ons navorsers pas hul geesdrif vir die skep van nuwe kennis binne én oor die grense van hul onderskeie vakrigtings toe om 'n verskil in die wêreld te maak. Hierdie diverse kohort mense met uitsonderlike talent en innoverende idees lewer uitmuntende navorsingsresultate met relevante uitkomst op. So 'n groep begaafde en toegewyde akademici is enige universiteit se grootste bate. Die US voorsien hulle dus van

beduidende steun deur 'n verskeidenheid professionele steunstrukture, waaronder die US Sentrale Analitiese Fasiliteit (SAF), 'n virtuele fasiliteit wat die verantwoordelike bestuur en bewaring van groot analitiese navorsingstoerusting verseker.

'n Opsomming van die nasionale Sentra van Uitnemendheid en ander inisiatiewe waaroor die US beskik, bied 'n blik op van die belangrike gebiede waar die US tans 'n beduidende wêreldwye navorsingsimpak maak:

Die DWT-NNS Sentrum van Uitnemendheid vir Biomediese Tuberkulosenavorsing, die Suid-Afrikaanse Sentrum vir Epidemiologiese Modelling en Ontleding, en die Afrikasentrum vir MIV/vigs-bestuur maak die kern uit van 'n beduidende institusionele klem op tuberkulose en MIV/vigs, synde van die grootste en dringendste gesondheids- en samelewingsuitdagings van ons tyd. Die DWT-NNS Sentrum van Uitnemendheid in Indringerbiologie (S-IB) verseker dat navorsing 'n positiewe wêreldwye impak het om indringerspesies te beperk en biodiversiteit te bewaar. Die US is ook gasheer vir die Sentrum vir Hernubare en Volhoubare Energiestudies sowel as die Volhoubaarheidsinstituut, wat albei aansienlike bydraes lewer om verwante uitdagings in die ontwikkelende wêreld die hoof te bied. Die US Waterinstituut en die Voedselsekerheidsinisiatief is multidissiplinêre institusionele navorsingsondernemings wat bestaande kundigheid oor hierdie twee belangrike wêrelduitdagings byeenbring. Die Universiteit is ook die tuiste van die Nasionale Instituut vir Teoretiese Fisika (NITheP). Deur die institute vir Wynbiotegnologie en Plantbiotegnologie benut die US sy geografiese ligging in die Wes-Kaapse biosfeer en die wynland, en wend dit as 'n mededingende navorsingsvoordeel aan.

Met volgehoue belegging in ons mense en navorsingsinfrastruktuur, sal ons steeds besluitneming beïnvloed, lewens help verbeter, innoverende idees skep wat tot tegnologiese ontwikkelings lei, en met nuwe konsepte vir volhoubaarder praktyke vorendag kom. Die US sal aanhou groei as 'n vlagskipnavorsingsinstelling wat hoop na Afrika en die res van die ontwikkelende wêreld bring.

[www.sun.ac.za/research](http://www.sun.ac.za/research)

# BEURSE MAAK DROME WAAR

*deur Ayesha Fakie*

Sihle Siswana het van 'n vroeë ouderdom reeds geweet dat hy “bestem was om 'n finansiële ontleder te word”. Maar, soos vir baie talentvolle jong Suid-Afrikaners, was universiteitstudie eenvoudig te duur. Danksy 'n Maitland-beurs vir sy onderrig en huisvesting, lééf Sihle tans sy droom.

In 2012 het hy vir sy tweede jaar in BCom Beleggingsbestuur geregistreer. Volgens hom het die beurs hom nie net aangespoor om harder te werk nie, maar hom ook “'n groter verantwoordelikeheidsbesef gegee”.

“Ek het besef dat nie net my gesin in my glo nie, maar ook 'n hele klomp ander mense wat my vir die beurs gekies het. Ek is trots om 'n beurshouer te wees.”

Beurse en stipendia verleen toegang tot universiteit, en verander die begunstigde se lewensgeleenthede radikaal. “In my huis was geld altyd 'n kwessie. Dit het selfs voorkom dat ek op hoëskool aan buitemuurse aktiwiteite deelneem – iets wat ek altyd graag wou doen,” sê Berdene van der Merwe, 'n MBChB-student en beurshouer van die Tiso-stigting. Lenings en skuld veroorsaak onrustigheid: Studente is dikwels bekommerd oor waar hulle kosgeld in die hande sal kry, en hul bankrekening is meermale oortrokke. Dan aanvaar hulle deeltydse werk, wat weer sy eie uitdagings meebring – veeleisende ure, minder tyd vir navorsing en klas, te min slaap, en betaling wat nie juis die opoffering werd is nie. “Maar verlede jaar,” onthou Berdene, “het dit gevoel of 'n groot las van my skouers gelig word, en kon ek óók voel hoe dit is om net 'n sorgelose universiteitstudent te wees wat haar studie geniet.”

Volgens volkoste-beurshouers is hulle meer gemotiveerd en verantwoordelik, en het hulle die vryheid om ook ander aktiwiteite in pas met hul professionele ambisie en maatskaplike verantwoordelikheid te beoefen. Hulle kry geleentheid om meer toegewyd deel te wees van die leerdergemeenskap in hul fakulteite en programme; het meer tyd om as vrywilligers in navorsingsprogramme en studenteorganisasies te werk, en kan meer tyd op kampus deurbring om met dosente en medestudente te skakel. Deur grade en professionele kwalifikasies te verwerf, verander beurshouers hul vooruitsigte. 'n Belegging in hul opvoeding ontsluit 'n wêreld van geleenthede: Hul verdienvermoë oor hul leeftyd verhoog; hul bydraes voeg waarde aan die samelewing toe; hul én hul gesinne se lewensgehalte en toegang tot gesondheidsorg verbeter, en hul nuwe weetgierigheid oor die wêreld lei tot verdere leer, ondersoek en kennis.

Volgens die Wêreldbank is belegging in voorgraadse onderwys nodig om die professionele hulpbronne van 'n land uit te brei en bruto binnelandse produk te verhoog, wat op sy beurt samelewings se lewensgehalte verbeter.

Nadine Moodie van Kensington, Kaapstad, ontvanger van 'n Media24-beurs, glo dit het haar in staat gestel om haar drome en ambisies te verwesenlik. Nadine het in 2012 haar BPhil-honneursgraad in Joernalistiek verwerf.

“Vir baie van ons het die Matieland-ervaring slegs moontlik geraak met die hulp en ondersteuning van US-skenkers. Drome is universeel – maak nie saak of jy uit 'n ryk woonbuurt of 'n stowwerige dorpie in Limpopo kom nie. Danksy mense soos julle kry almal die geleentheid om hul drome uit te leef.”

Beursskenkers maak 'n beduidende impak deur studentelewens in 'n positiewe rigting te stuur. Met jou bydrae word talentvolle jongmense ontwikkel tot graduandi met die nodige vaardighede om die gemeenskap en die nasie te verbeter.

keuses  
toekoms  
gee  
leer

# BOUERS VAN HOOP – EEN BAKSTEEN OP 'N SLAG

deur Ayesha Fakie

## Nuwe leef-en-leerruimtes pasgemaak vir studentebehoefes

Tussen die bekende Victoriaanse geboue wat jare lank reeds deel uitmaak van die bekende landskap van die Universiteit Stellenbosch (US) het nou 'n paar nuwe dog ewe imposante strukture verrys. In 2012 het die Universiteit 'n aantal nuwe fasiliteite geopen as deel van sy langtermynstrategie om beter te dien, beter te onderrig en beter toegang te bied. Skenkers word genooi om tot die ontwikkeling van hierdie nuwe landskap by te dra en 'n nuwe leervoetspoor te help skep.

### **Afrikasentrum vir MIV/vigs-bestuur**

Die nuwe tuiste van die Afrikasentrum vir MIV/vigs-bestuur, wat op 'n historiese perseel op “Die Vlakte” gebou is, is 'n uitbreiding van die US se pogings op die gebied van vigsopvoedingsbestuur en gemeenskapsdiens. Die moderne fasiliteit het 'n lae koolstofvoetspoor en oorspronklike natuurlike lig, en die energiedoeltreffende lug-versorgingstelsel bespaar elektrisiteit. Die struktuur vervul 'n werk- en onderrig-funksie vir personeel én studente, wat tot beter interaksie en leer, en dus groter sukses lei.

### **AmaMaties-sentrum**

Die AmaMaties-sentrum (*hub*) is geskep om studentesukses te verbeter. Dit is 'n unieke leer-en-leefruimte op kampus waar dagstudente van dieselfde voordele as hul eweknieë in koshuise kan geniet. Dit skep 'n tuiste vir studente wat dalk verlore voel in die kampusomgewing, en is 'n opwindende uitvloeisel van nuwe onderrigbenaderings wat die akademiese en sosiale ervaring van 'n universiteit integreer. Die AmaMaties-sentrum het 'n eetvertrek, sluitkaste, kragpunte, studieruimtes vir gemengde gebruik, slaapbanke vir diene wat op kampus moet oorbly, en selfs 'n glyplank om vinnig van die boonste na die grondverdieping te kom! Hier kan studente groepwerk doen, aan mentorgesprekke deelneem, studeer, moeilike teorie oor 'n koppie koffie bespreek, en toegang tot die internet en die Universiteitsbiblioteekstelsel verkry.

Koshuisstudente presteer beter as studente wat tussen die huis en kampus pendel: Koshuisstudente het bykans heeltyd toegang tot Universiteitshulpbronne, sit nie lank in die verkeer nie, kan makliker met ander studente en akademiese skakel, en het 'n blyplek op kampus waar hulle allerhande gerieflikhede geniet, soos om hul

skootrekenaars te kan laai.

Tog bly slegs 'n derde van studente in die koshuis. Die res, wat personeel insluit, moet daaglikse druk verkeer aandurf, want openbare vervoer is ontoereikend. Om hierdie chroniese probleem op te los, werk die US en Stellenbosch Munisipaliteit aan 'n geïntegreerde vervoer- en pendeldiens wat aan bestaande openbare vervoerinfrastruktuur gekoppel sal wees. Deur veiliger, goedkoper en groener vervoer te bied, sal meer studente gerieflik kan pendel, wat die druk op die kampus sal verlig. Die kampus sal weer 'n voetgangervriendelike ruimte word wat leer en werk verbeter, veiligheid, welstand en welwees bevorder, en verder tot studente- en personeelsukses sal bydra.

### **Ingenieurswese-kennissentrum**

Studentesukses verg toegang tot kennis en die vermoë om deur gesprek te kan leer. Dit is presies wat die nuwe kennissentrum van die Fakulteit Ingenieurswese bied. Die sentrum, wat 'n verbeterde Ingenieurs- en Bosboubiblioteek insluit, is 'n ruimte waar funksionaliteit vorm bepaal: Ronde tafels fasiliteer gespreksvoering, terwyl rekenaarsstasies, 'n interaktiewe klaskamer met 'n verdere 25 rekenaars, seminaarkamers en groter lesingsale meer buigsaamheid in kennisdienste en -verkryging moontlik maak. Meerdoelige areas maak voorsiening vir snelle ontwikkeling in tegnologie. Die goed ontwerpte en keurig ingerigte kennissentrum word as't ware 'n verlengstuk van die klaskamer, en bied studente 'n ruimte wat hulle laat uitsien daarna om te leer.

Hierdie temas – die vermenging van onderrig, leer, sosialisering en leef, met beter toegang tot kennishulpbronne, beter ruimtes vir gesprek en groepwerk, en die gebruik van tegnologie en omgewingsvriendelike ontwerp om die leerervaring verder te verbeter – is alles elemente van die beplande nuwe Leer- en Onderrigsentrum, wat verskillende fakulteite sal bedien en vir meer studente as enige huidige onderrigruimte op kampus sal voorsiening maak.

Skenkers kan die Universiteit Stellenbosch dié Leer- en Onderrigsentrum help bou. Jou skenking, groot óf klein, kan 'n nuwe leer- en onderrigruimte help skep waar studente op ongekende wyses sal kan skakel, leer en floreer.

# . bou innoveer kies



---

WETENSKAP  
VIR DIE  
SAMELEWING

---

**DÍT WAT JY JONGMENSE  
LEER, IS SO GOED AS IN  
KLIP GEGRAVEER**

*Afrika-gesegde*



# SPEELTYD

## Sportsig

**12**

Atlete

**21**

Beampes

Hokkie, rugby,  
netbal

## GPS-prestasiemonitering

**170**

Atlete

Rugby, sewesrugby,  
sokker, hokkie,  
netbal, bergfietsry

## Spoed- en versnellingsbeoordeling

**418**

Atlete

Atletiek, sokker,  
rugby, hokkie

## Sig- en besluitnemingsopleiding

**176**

Atlete

**43**

Beampes

Rugby, swem,  
krieket, tennis,  
Muay Thai, sokker,  
waterpolo, gholf





# OM TE KAN UITBLINK

---

## Sentrum vir Menslike Prestasiewetenskappe

---

Die Sentrum vir Menslike Prestasiewetenskappe is 'n interdisiplinêre nagraadse navorsings- en innovasiekern in die Fakulteit Natuurwetenskappe.

